

Die Christelike Vrou

Lééf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



Januarie/Februarie 2021

Laat jou lig skyn

Jare gelede het ek huisbesoek gedoen by 'n jong gesinnetjie op 'n afgeleë plaas. Die kinders was so min of meer aan die einde van hul laerskoolloopbane. Na afloop van die huisbesoek het ek heerlik saam met hulle geëet, en toe het ons almal saam huisgodsdienst gehou – soos in die ou dae.

Ek was nogal verbaas om dit te kon beleef – baie mense sit nie eers saam om 'n tafel en eet nie, wat nog te sê saam huisgodsdienst hou so om die tafel. Ek was nog meer verbaas toe hulle ook die Liedboeke uithaal en ons saam, ongeleid, 'n paar Psalms en Gesange gesing het.

Mense dink soms dat veral ons jongmense nie meer veel erg aan die kerk en godsdienst het nie. In baie gevalle is dit seker waar. Soms word 'n mens egter verras en beleef jy iets positief soos ek destyds.

In ons huis is ons drie volwassenes wat saans na aandete die Bybel en *Bybelse Dagboek* neem: Een lees uit die Bybel, een uit die dagboek, en een bid. So het dit ons gewoonte geraak. Ek moet seker ook bysê dat ons geen TV in die huis het nie – slegs Bos-TV: die kaggel waarna ons ure kan sit en staar (veral in die winter wanneer 'n knetterende vuurtjie die enigste vermaak is wat ons nodig het).

Ewenwel, ons kry toe onlangs 'n jonge dame wat hierdie jaar matriek doen, as gas in die huis. Ons gaan natuurlik voort met ons gewoonte om boeke te vat. Ek het nogal gewonder hoe sy dit ervaar, want al was sy van kleins af erg oor kerk toe gaan, is hul gesin nie gereelde “kerkgangers” nie en is nie sy of haar werkende broer al belydende lidmate van hul kerk nie.


Teen die einde van die kuier vra sy toe vir ons of ons dit elke aand doen en of sy asseblief van nou af altyd so saam met ons kan lees en bid. Synde 'n skoolier wat in 2020 per Teams of Zoom of Skype moes skoolgaan, was dit vir haar natuurlik om so saam boeke te vat oor die elektroniese media nie net moontlik nie, maar voor die hand liggend. Sy noem ook dat sy asseblief ook 'n *Bybelse Dagboek* wil hê en vra of ek dit vir haar in die hande kan kry.

Elke aand van toe af bel sy ons dus op 'n sekere tyd per WhatsApp-video en sit sy reeds gereed met haar Bybel en *Bybelse Dagboek*. Dan lees ek gewoonlik die stukkie uit die Bybel, sy aan die ander kant van die telefoon uit die dagboek, en een van ons aan hierdie kant bid.

Watter wonderlike ervaring!

As ons ons roeping wil ultielief en ons lig wil laat skyn, moet ons eers by onself begin om die liggie aan te sit. Voor ons kan uitgaan na die wêreld, moet ons eers self die teenwoordigheid van die Here opsoek – vir die res sorg Hy self.

Hannelie



NHSV 2021



Laat julle lig so
voor die mense
skyn, dat hulle
julle goeie
werke kan sien
en julle Vader
wat in die hemel
is, verheerlik.
Matteus 5:16



Die NHSV het in 2020 saam met die Kerk 'n ongekende era inbeweeg waar omtrent alles wat ons beplan het, verander moes word en ons nuwe maniere en werkwyses moes beproef om NHSV te wees in ons gemeentes, op streekvlak asook op nasionale vlak.

Saam met die onsekerhede het die uitdagings gekom en vir ons ook nuwe geleenthede geskep wat dalk voorheen nie eens 'n gedagte by ons sou wees nie.

Aan die begin van 'n nuwe jaar weet ons dat 2021 sy eie uitdagings en geleenthede voor ons deur kom lê het en dat **aanpasbaarheid die sleutel** is om te oorleef in hierdie vreemde tye.

NHSV tema 2021

Leéf die liefde – Laat julle lig so voor die mense skyn... (Matt 5: 16)

Hierdie NHSV tema vir 2021, wat ook die tema vir 2020 was, volg op die vorige twee jare se temas. In 2018 het ons 'n nuwe drie-jaar-periode ingelui met die eerste tema van geloof: *Ek en my huis, ons sal die Here dien (Jos 24: 15)*, en dit is opgevolg in 2019 met die tweede tema van hoop: *Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms sal hê (Jer 29: 11b NLV)*.

Aangesien die Covid-19-pandemie alles wat ons beplan het vir 2020 totaal omvergegooi het en NHSV vergaderings, byeenkomste en kongresse glad nie kon plaasvind nie, is die tema verleng tot 2021.

NHSV publikasies

Ons fokus vir sowel 2020 as 2021 is ingestel op die persoonlike welstand en geestesgesondheid van ons vrouelidmate en hul gesinne. Die NHSV Dagbestuur het met April 2020 se Herfs-uitgawe van *Vroueflitse* begin met 'n nuwe reeks artikels met die klem op geestesgesondheid.

Lees gerus die NHSV se publikasies wat aanlyn beskikbaar is op die NHSV se webblad www.nhsv.org.za. *Die Christelike Vrou* bevat aktuele artikels vir vroue, en *Vroueflitse* bevat geestelike toerusting vir vrouelidmate.

NHSV Nasionale Kongres

Die NHSV se 49ste Nasionale Kongres wat van 14 tot 16 Junie 2020 sou plaasvind, is aanvanklik uitgestel tot 2021 vanweë al die inperkingsregulasies. Die NHSV Dagbestuur het egter in November 2020 besluit om die Nasionale Kongres te verskuif na 2023, wanneer dit weer moet plaasvind volgens die normale siklus van elke drie jaar.

NHSV Blomberaad Februarie 2021

Aangesien die Nasionale Kongres van 2020 verskuif is na 2023, het die NHSV Dagbestuur ook besluit om die Februarie 2021 NHSV Hoofbestuursvergadering in te rig as 'n Blomberaad vir vroue, waar al die verskillende NHSV streekvoorsitters saam met die NHSV Dagbestuur die beplanning sou bespreek wat vir die Nasionale Kongres bedoel was. Die uitkomst sou gebruik word vir die beplanning vir 2021 en 2022 en inleidend tot die Nasionale Kongres in 2023.

In die lig van die tweede vlag van die Covid-19-pandemie plus die risiko's verbonde aan byeenkomste en die beperkings op getalle, is die Blomberaad uitgeskuif na September 2021. Sou ons weer 'n vlag van die pandemie beleef, sal ons dit noodgedwonge moet skuif na Februarie 2022.



NHSV beurse en lenings 2021 – deurkollekte Sondag 14 Februarie 2021

Ons dank en waardering aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die goedkeuring om gemeentes jaarliks te vra om hul deurkollekte van die tweede Sondag van Februarie af te staan aan die NHSV Beurs- en Leningsfonds. Die deurkollekte van 2021 gaan, soos in die verlede, ten volle aangewend word vir NHSV beurse en lenings aan studente in 2021. Ons sê by voorbaat baie dankie aan elke gemeente wat hul deurkollekte van Sondag 14 Februarie 2021 aan die NHSV gaan skenk vir ons NHSV Beurs- en Leningsfonds.

Op 4 Februarie 2020 het die NHSV Beurs- en Leningskomitee aan ongeveer 49 Hervormde studente beurse en lenings toegeken. Die totale bedrag toegeken in 2020 beloop ongeveer R475 000. Die NHSV se Beurs- en Leningskomitee vergader weer op Dinsdag 2 Maart 2021 en het sover ongeveer 50 aansoeke vir 2021 ontvang.

Die NHSV ken jaarliks lenings toe aan Hervormde studente vir tersiêre studies in verskeie rigtings. Beurse kan ook terselfdertyd toegeken word aan studente vir verdienstelike akademiese, kultuur- en sportprestasies.

NHSV Streekbyeenkomste 2021

Die NHSV se tema vir 2021 vorm die grondslag vir die 17 streke wat besig is met beplanning vir die NHSV se jaarlikse streekbyeenkomste, wat merendeels plaasvind in die tweede helfte van 2021. Sou omstandighede ons verhoed, soos in 2020, om enigsins byeenkomste sinvol te kan hou, sal ons verskeie aanpassings moet maak en ons beplanning dienoooreenkomstig verander.

Bejaardesorg en OTMT

Bejaardesorg is een van die hoofprioriteite van die NHSV met die doel om finansiële en ander ondersteuning soos nodig te bied aan –

- OTMT-tehuse van ons Kerk; en
- bejaardesorg op nasionale vlak.

Die OTMT-direksie bestaan uit 11 lede: vier aangewys deur die NHSV (voorheen Monumenttehuisegroep), vier aangewys deur die Ons Tuisgroep, die bestuurder van Bejaardesorg, een afgevaardigde van die Kommissie van die AKV, en een afgevaardigde van die ADV. Die OTMT-direksie vergader ongeveer drie keer per jaar, met addisionele vergaderings van die Finansiële Komitee geskeduleer voor elke direksievergadering.

Armoedeverligting

Die NHSV Hoofbestuur is landwyd betrokke by verskeie projekte wat armoedeverligting ten doel het. Verskeie organisasies wat aansoek doen



om hulp, word op 'n deurlopende basis finansiëel ondersteun.

Doelstellings van die NHSV

Uit dankbaarheid teenoor die Drie-enige God, vervul die NHSV as diensorgaan van die Kerk haar opdrag om binne die gemeentes, die Kerk en die gemeenskap diensbaar te wees deur –

- vrouelidmate geestelik te verryk, hulle te bemagtig vir hul dienswerk en onderlinge verbondenheid te bevorder;
- persone in nood te versorg;
- die belange van die gemeente en die Kerk in die algemeen te bevorder; en
- fondse in te samel in die gemeenskap om hierdie doelstellings te bereik.

Vrouelidmate ondersteun die ampte en vind aansluiting by diakonieë. Waar projekte tussen die kerkraad, diakonie en die NHSV oorvleuel, moet ons mekaar se hande vat en saam daaraan beplan. Waar ons afsonderlik in die Kerk en gemeenskap betrokke is by barmhartigheid, moet ons mekaar moreel in die geloof ondersteun!

Ten slotte

Mag ons ligdraers wees in 2021 deur mekaar se hande te vat, mekaar te ondersteun en elke dag die mooi om ons raak te sien!

God bly altyd ons rotsvaste Ligtoring in alle omstandighede – hetsy in goeie of slegte tye en tydens positiewe of negatiewe ervarings in ons lewens. Hy is ons anker ook in 2021. Ons vind ons vrede in die wete dat so baie dinge in hierdie wêreld kan verander, maar dat God nooit verander nie. Ons is verseker van sy onvoorwaardelike liefde, seëninge en genade wat elke môre nuut is.



Ons groet 'n ware voorslag



Vlnr
Mev Mari-lizé Beukes, ds Kathleen Smith en
mev Anna Hanekom by haar laaste NHSV Streekbyeenkoms

Ons groet 'n ware voorslag

André Hanekom

Mev Anna Johanna Hanekom (80) van Gemeente Paarl is Maandagnag 11 Januarie om 01:55 oorlede.

Anna Johanna Hanekom is gebore in Mosselbaai op 14 November 1940, te midde van die Tweede Wêreldoorlog. Haar vader vertrek vroeg al om te veg in El Alamein, en Anna word in hierdie tyd groot in 'n gelowige gesin wat elke Sondag hul eie bank in die NG Kerk Mosselbaai vol sit. Haar moeder raak betrokke by die ACVV en op 'n jong ouderdom help Anna al kantore skoonmaak.

Die grondslag wat deur haar moeder gelê is, kom tot vrug in haar lewe omdat haar hand nooit leeg is om almal wat in nood is, te help nie. As sterk gelowige is sy intens betrokke by die Hervormde Kerk en help sy en haar man, André, in verskeie gemeentes met bouprojekte, totdat hulle in 1982 verhuis Paarl toe en betrokke raak by die Hervormde Gemeente Paarl wat kerk hou in die Het Gesticht Kerkie.

As jare lange voorsitter van die NHSV help sy met fondsinsameling, en so trek sy saam met die gemeente na die Sionskerk wat deur die gemeente gekoop is. Die kombuis word onder haar leiding ingerig met alles wat nodig is. Sy word verkies as NHSV Streekvoorsitter Wes-Kaap en neem oor by die formidabele mev Mariaan Dreyer. Later word sy ook verkies as voorsitter van die Tafelberger Ontwikkeling vir Bejaardesorg. Onder haar leiding



Ons groet 'n ware voorslag

Vervolg

word die huis stuk vir stuk gerestoureer en fasiliteite opgegradeer, terwyl finansies gekonsolideer word. Sy is ook intens betrokke by armsorg en ry gereeld Sondae kos aan na arm gemeenskappe in die Paarl en Wellington.

Sy reis na NHSV takke in die ring van Wes-Kaapland en moedig almal aan om te volhard met die taak. In hierdie tyd word sy gediagnoseer met rumatoïede artritis, maar sy gaan in geloof voort met haar werk en kerkwees. Haar gesondheid verswak later sodanig dat sy verplig word om uit te tree. Sy bly egter betrokke by haar gemeente en gee raad en leiding. Gedurende die grendeltyd val sy egter in die tehuis waar sy woon en breek haar femur en humerus. Ten spyte van die alleen wees sonder besoeke hou sy moed en vra sy dat ons die wêreld moet vertel dat daar 'n God is.

Tydens vlak 1 kom kuier sy by haar seun en dogter by Du Kloof Lodge. Sy verjaar op 14 November 2020 en word 80, en vier die dag saam met haar familie. Sy herstel mooi tot voor Kersfees en staan wonder bo wonder self uit die bed op en klim op haar rolstoel. Sy word egter siek en word gehospitaliseer in MediClinic Paarl, waar sy weer alleen is. Sy word op 26 Desember 2020 ontslaan met 'n longembolus en word tuis verpleeg by Du Kloof Lodge.

Een ding wat soos 'n goue draad deur haar lewe geweef was, was haar onwrikbare en onvoorwaardelike geloof in God. So sterk dat niks of niemand daardie draad kon knip of breek nie. In die laaste paar maande het dit keer op keer in elke gesprek so sterk deurgekom: *Daar is 'n God – ons moet dit nooit vergeet nie en nooit ophou bid nie.* As 'n mens partykeer sommer net moedeloos was: *God is besig met sy plan!* 'n Dag of wat voor sy in 'n koma gegaan het, wou ek haar so graag gerusstel: *Moenie bekommerd wees nie, jy is nie alleen nie – ons is almal hier.* So het ons elkeen van haar kinders by die naam vir haar genoem, en haar antwoord was: *EN JESUS!*

Sy het verswak, maar ons bly geseënd om by haar te kon wees en te weet dat sy as gelowige mens ook God se skepping hier tussen die berge kon geniet op die laaste pad wat sy moes stap. Anna wag tot met haar oudste seun se verjaardag, en sterf op 11 Januarie 2021 om 01:55 met Psalm 23 in haar ore.

Tannie Anna was 'n steunpilaar wat altyd bereid was om raad te gee en nie geskroom het om haar waardering en dankbaarheid te wys en uit te spreek nie. By die laaste streekbyeenkoms in Strand het 'n haarkappervriendin van haar spesiaal haar hare mooi gemaak, sy het haar mooiste kerkkrok aangetrek, en ons byeenkoms as spesiale eregas bygewoon.

Die gemeenskap, die Kerk en haar familie het 'n waardige en gelowige vrou verloor. In geloof bou ons voort op haar nalatenskap.
(Red)



“Check list”



“Check list”

Elaine Marais



Karien stap met die check list na die eetkamer. Tafeldoek, messe, vurke, lepels, regop servette in blinkgevryfde glase. Skeplepels, sout- en peperpotjies en kerse. Ja-nee, met hierdie deftig gedekte tafel sal selfs die grootste snob nie kan fout vind nie, dink sy selfvoldaan. Net gou die ruiker by die bloemiste gaan haal om in die middel te sit, en dan is alles perfek.

Alles móét ook perfek wees, want jou toekomstige skoonouers ontmoet jy net een keer. En as hul reputasie hulle vooruit loop as neus-in-die-lug en stywe-rug, dan soek jy nie moeilikheid met 'n halfhartig gedekte tafel en afskeepkossies nie!

Sy sal nooit weet hoe Ryno in die berugte Kroon-familie inpas nie. Hy is die onbaatsugtigste, goedhartigste mens wat sy al ooit ontmoet het. Vandat hulle drie maande gelede op 'n mediese konferensie in Duitsland ontmoet het, is hulle feitlik onafskeidbaar. Nog meer sedert hulle besef het dat hulle albei in die Kaapse skiereiland woon en by dieselfde privaathospitaal werksaam sou wees met hul terugkeer, sy as navorsers en hy as spesialis. Sy atletiese bou en vriendelike bruin oë het haar heeltemal onkant betrap, en hy weet weer te vertel dat haar lang swart krulhare en, soos hy sê, netjiese lyfie, hom summier uitgeboul het.

Verlede week het hy gesê dat sy ouers wat die afgelope ses maande in hul Griekse strandhuis vakansie gehou het, telefonies laat weet het dat hulle vanaand by hom gaan oorslaap op pad na hul wynlandgoed buite Stellenbosch. Wat haar effens onkant betrap het, is dat hulle blykbaar hul vakansie met twee weke kortgeknip het nadat Ryno hulle meegedeel het dat sy nuwe vriendin ook binnekort sy vrou gaan word. Sy was tydens die telefoongesprek langs hom in sy huis op 'n bekende gholflandgoed en kon nie help nie om op te let hoe hy skielik erg ongemaklik gelyk het en na die studeerkamer beweeg het. Die laaste wat sy gehoor het, was: *Dit is lankal verby, Ma, en dit het in elk geval nooit gewerk nie.* Intussen het sy twee en twee bymekaar getel en besef dat sy met 'n onsigbare, onbekende meisie uit dit verlede meeding so ver dit sy ouers aangaan.

Maar sy is gewapen. Alles op die spyskaart kom uit haar oorlede ouma se persoonlike kookboek. Nooit gepubliseer nie, maar alle regte voorbehou. Die aand skop af met brandewyn-en-gemmerbier-kelkies, kompleet met 'n druiwekorrel op die bodem van die glas. Dit behoort die *la-di-da* wynkenners te beïndruk. Daarna volg gerookte snoekpatee en tuisgebakte patatbrood. Die hoofmaaltyd is 'n fees van geroosterde lamsboud, gestopte hoender, gegeurde rys, pampoenpoffertjies, gebraaide aartappels en Mediterreense groente. Die groot finale is 'n tiramisu wat sy twee keer moes oefen om onder die knie te kry. Ja-nee, Pappie en Mammie sal maar met moeite kan fout vind met hul aanstaande skoondogter!

Omdat sy al die kookwerk doen, het hulle besluit dat dit beter sal wees om die ete by haar woonstel aan te bied. Ten minste sal die asemrowende see-uitsig opmaak vir die gebrek aan spasie. 'n Woonstel met so 'n ligging kom maar met 'n gelaaiete prys, en 'n eenslaapkamer was al wat in haar begroting kon inpas.

Alhoewel die kokery die grootste deel van haar dag in beslag geneem het, is alles nou in die oond en hang haar nuwe roomkleurige broekpak teen haar kas, gereed vir aantrek sodra sy van die bloemiste af terugkom. Sy gryp haar sleutels wat langs die voordeur hang en trek die deur agter haar toe.



By die bloemiste sien sy sommer dadelik haar ruikertjie tussen die ander uitstaan. Tierlelies en roomkleurige rose met fyn loof tussenin. Soos haar jonger suster sal sê: *You go, girl!* Dit spel elegansie en sal beslis Skoonma met haar tuin-van-die-jaar-reputasie se hoogste verwagtinge oortref.

By die huis aangekom, neem die ruiker sy regmatige plek in in die middel van die tafel. Karien stap na die klein kombuis met sy allemintige nuwe

ses-plaat-gasstoof en skakel die oond op matige hitte aan sodat die kos opgewarm sal wees teen aansittyd. Daarna spring sy in die stort en wend ekstra moeite aan om op haar beste te lyk vir die ontmoeting.

Toe die deurklokkie teen seweur lui, is alles onder beheer en stap sy vol selfvertroue na die voordeur. Met 'n glimlag maak sy die deur oop, en dit verg al haar moed om nie onmiddellik weer die deur toe te maak nie. In die portaal is meneer en mevrou Kroon, en in sy afwesigheid skitter Ryno. Dit beteken natuurlik dat hy die een of ander noodsituasie by die hospitaal moes gaan uitsorteer. Dit beteken ook dat die skeidsregter wat die wedstryd se verloop moes bepaal, nie opgedaag het nie. Karien sluk stadig en nooi dan haar gaste in asof dit glad nie vir haar 'n moeilike situasie is nie.

Sy let op dat sy nie die enigste een is wat ongemaklik is met die verloop van sake nie, en sy probeer die ys breek met geselsies oor hul vakansie in Griekeland. Dit moet sy hoor was redelik traumaties omdat hul kok en dié se man wat ook as tuinier instaan, in 'n motorongeluk gesterf het. Hulle moes dus self kook, skoonmaak en tuinmaak. Om die situasie te help ontloft, bied sy die brandewynkelkies aan, wat vriendelik deur albei van die hand gewys word: *Ons drink net wyn, en dan ook net op spesiale geleenthede.* Met die snoekpatee gaan dit beter, behalwe vir meneer Kroon wat allergies is vir seekos en net brood eet.

Toe Ryno na twee uiters lang ure nog nie te voorskyn gekom het nie, besluit Karien om maar voort te gaan met die opdien van die hoofmaaltyd. Sy verskoon haar en gaan na die kombuis. Daar haal sy die oondhandskoene uit sodat die opgewarmde kos nie haar hande brand nie. Toe sy die oond oopmaak, is daar egter geen teken van enige kos in die oond nie. Van pure oorbluftheid draai sy om asof die kos op die een of ander onverklaarbare wyse elders in die kombuis is. Sy begin die kombuis kaste die een na die ander oopmaak, en eindig by die yskas. Niks. Nie eens 'n sousdruppeltjie om as bewys te dien dat daar ooit gekook is nie.

Wat maak sy nou? Hoe gaan sy verduidelik dat sy 'n feesmaal voorberei het en dat dit verdwyn het? Mevrouw Kroon kom loer by die kombuis in. Karien staan met haar rug teen die kombuistoonbank. *Kan ek help om op te dien?* vra mevrou Kroon. *Ek weet nie wat om te sê nie, maar die kos is weg,* sê Karien met 'n sagte, bewerige stemmetjie. Tot haar ontsteltenis voel sy 'n traan oor haar wang biggel. Asof mevrou Kroon haar nie glo nie, maak sy die oonddeur oop. En weer stadig toe. Haar oë ontmoet Karien s'n, en toe begin sy saggies giggel. Dit is die laaste strooi en Karien begin terstond haar saak verdedig deur die hele spyskaart af te rammel en te verduidelik dat sy dit in die oond gesit het en die stoof aangeskakel het met haar terugkoms. *Was die kos toe in die oond?* vra mevrou Kroon. Dit laat Karien beseft dat sy nie gekyk het nie, sy het dit mos daar ingesit, hoekom sal dit nie daarin wees nie? Dit laat haar ook 'n bietjie verder terugdink aan die oop voordeur met haar terugkoms wat sy in haar haas nooit gesluit het nie. Nou huil sy sommer lekker. *Ek is beroof,* snik sy.

Mevrou Kroon kom nader en sit haar arms om Karien se skouers. *Niks wat Kentucky nie kan regmaak nie,* sê sy troostend.

Nadat Karien bedaar het en ook selfs 'n bietjie die humor in die situasie begin sien, verdwyn sy na die sitkamer om 'n aflewingsmaatskappy te kontak. Sy bel ook die polisie om 'n verklaring te kom afneem.

Toe Ryno teen tienuur pootuit daar opdaag, is die gesig wat hom ontmoet dié van sy ouers, Karien, twee polisiemanne en 'n yslike Kentucky-barrel op die koffietafel in die sitkamer.

Wat gaan hier aan? vra hy en hoop vir die beste. Sy ouers was effens geskok oor sy vinnige besluit om met iemand te trou wat hulle nog nie ontmoet het nie, maar hulle is dierbaar en kon nie wag om Karien te ontmoet nie. Wat kon so verkeerd geloop het vandat hy die oproep van die hospitaal gekry het tot nou dat die polisie moes ingryp? Nadat almal verduidelik het dat 'n sekere dief vanaand by die regte huis ingebreek het om soos 'n koning te eet, lag hy verlig saam.

Nadat die polisie vertrek het, bied Karien koffie aan en haal melk uit die yskas. Haar oë val dadelik op die tiramisu wat die dief misgesteel het. Sy stap terug na die sitkamer en nooi haar gaste na die ongebruikte tafel en bedien die nagereg in haar beste porseleinbakkies.

Liefie, kyk dan net die pragtige blomme, net soos dié wat in my troueriker was. Sy glimlag vir haar man en hy knipoog vir Ryno met 'n knik wat boekdele spreek.



Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mev Mari-lizé Beukes, mnr André Hanekom, mev Elaine Marais

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za

 www.nhsv.org.za	 Posbus 111, Worcester 6849	 diechristelikevrou@gmail.com
 diechristelike	 Christelike Vrou	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.